Me. Totsie Memela en me. Anne Pratt by die bekendmaking van die nuwe uitvoerende personeelplasingsagentskap Memela Pratt & Associates. Foto: ANTOINE DE RAS

Net 7% van direksielede is vroue

Die uitvoerende personeelplasingsagentskap Anne Pratt & Associates het Donderdagaand bekend gemaak dat hy nou, ná 'n swartbemagtigingstransaksie, bekend sal staan as Memela Pratt & Associates.

Me. Anne Pratt, direkteur van die agentskap wat in Sandton gesetel is, sê 51% van die maatskappy is nou in die hande van me. Totsie Memela, voorheen waarnemende besturende direkteur van die Land Bank en tans hoof van kliëntediens by Eerste Nasionale Bank se huisleningsafdeling.

Die nuwe maatskappy het dadelik sy merk in die mark gemaak deur die bekendstelling van die resultate van 'n peiling wat hy gedoen het oor vroue in direksies.

Volgens Pratt sal die navorsing help om die posisie van vroue in direksies te bevorder. Net sowat 7% van die 2 550 direksielede van genoteerde maatskappye, en net 14% van die lede van die Instituut van Direkteure, is vroue.

Pratt meen vroue het 'n verbasende fokus en intuïsie oor wat sal werk en wat nie. Hulle span dié talent uitstekend in die sakewêreld in.

"Dis verrassend dat etnisiteit en geslag steeds sulke brandende kwessies is, selfs om direksietafels. Wat nodig is, is 'n wakker verstand, buitengewone intellek, en spesifieke vaardighede met betrekking tot die onderneming en lewensondervinding. Of dit kom in 'n swart, wit, bruin, manlike of vroulike verpakking moenie relevant wees nie," sê Pratt.